# Hoofstuk van die dag: Spreuke 12

> *’n Goeie mens geniet die Here se goedkeuring, maar iemand met slinkse planne veroordeel Hy. (vers 2, 2020-vertaling)*

My liewe koningin Jemen
Dis darem nie nodig om my só vreeslik te bedank vir die

geskenk nie! Dis mos nie asof ek dit nie kan bekostig nie, en ek weet julle het die goud nodig. Toe dink ek: ek kan julle help, en julle het dit nóú nodig, nie later nie. Ek is net dankbaar dat dit julle veilig en betyds bereik het, veral met Omar se bendes wat op Skeba se grense ronddwaal. Maar hy sal nog sy verdiende loon kry!
Die goeie nuus is dat ek uiteindelik my program so kon reël dat ek in die lente uit Jerusalem sal kan wegkom. Ek beplan om al my belangrike handelsvennote te besoek, en ek sal, as die Here so wil, baie beslis daar by julle ook uitkom. My plan is om net na die Pasga-fees te vertrek, sodat ek teen die middel van die maand Sif by julle sal wees. Dit is nou as dit julle sal pas, natuurlik. Ek moet sê, ek sien baie daarna uit om Abimeleg en Adoniram te ontmoet.
Ek bring niemand uit die paleis saam nie. Ek sien nogal daarna uit om ’n tydjie weg van al my vrouens te wees, want hulle kan op die lang duur nogal veeleisend raak! En ongelukkig sal Rehabeam ook hier moet bly om in my plek die landsake te hanteer.
Dra asseblief my groete oor aan jou mense.
Jou ewige vriend,
Salomo ben Dawid

## Onlangse Bydraes


- Hagar
- Joh 1:14 en 16 Die Woord het mens geword
- Lot se dogters
- Psalm 103 Die Here is vol liefde en ontferming
- Lot


## Argief


Argief Kies 'n maand

- Lees die Bybel saam met my
- Soos ek dit sien

© Bybelkoerant 2018 – 2026